

5 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 28:10-22; Johannes 1:46-52

Fokusgedeelte: Genesis 28:17

Die hemelpoort

Dit staan sommer so plotseling daar. En kyk, die HERE het bo-aan die leer gestaan. Dis merkwaardig. Jakob die bedrieër word deur die Here opgesoek. Daar is 'n leer en die engele klim op en af – helder skyn die lig uit die hemel op die donker aarde. Nog wonderliker is dat die HERE self aan die bo-punt van die leer staan en met Jakob praat. Hy openbaar Homself aan Jakob as die God van sy oupa en sy pa. Wanneer Jakob wakker word is hy skoon beangs, die plek is vir hom vreeslik. “Die Here is op hierdie plek en ek het dit nie geweet nie”. Jakob kan God nie ontvlug nie, hy kan hom nie vir God wegsteek nie. Daarom sê Jakob dis 'n poort van die hemel. Die skeiding tussen hemel en aarde word oorbrug. God maak 'n poort na die aarde sodat Hy Homself aan Jakob kan openbaar en sy genade aan hom kan verkondig. Hy deurbreek die skeiding tussen hemel en aarde – wat 'n wonderlike gedagte! Wanneer Christus met Nataniël praat, dan sê Hy dat Hy self die leer tussen hemel en aarde is waarop die engele op en af sal klim. *Christus is die hemelpoort!* Hy oorbrug die skeiding tussen hemel en aarde – klokhelder sien ons dit op Golgota. Hy is ons hoogste Profeet en Leraar wat die Vader aan ons openbaar. Hoe vreeslik sou dit nie wees as daar nie 'n hemelpoort was nie? 'n Aarde wat in totale duisternis wegsink. Daarom hoef ons nooit meer te sê hoe vreeslik is hierdie plek nie, al is die wêreld soms vreeslik. Ons hoef nie beangs te wees vir God nie. Ons is die huis van God, die tempels van die Heilige Gees. God is nie ver of onbekend nie, die aarde is nie oorgegee nie, ons is nie oorgegee nie. Ons Vader het Homself geopenbaar, Hy gee sy genade. Doen jou werk vandag op aarde, terwyl jy onthou dat Hy Homself uit die hemel aan jou op aarde geopenbaar het.

Sing: Psalm 139:2, 3 (1936)

Ds RA Bain (Cachet)